

INWERKINGSTELLING VAN VERSTERKINGS AAN BELASTINGAANWYSINGS

Tshwane, 8 Desember 2021 - SARS sal veranderinge aan sy stelsels in werking stel vanaf 1 Maart 2022 om te verhoed dat belastingpligtiges wat inkomste van meer as een bron ontvang, waar een van die bronne inkomste uit 'n aftreefonds is, met groot belastingskuld, betaalbaar aan SARS, opeindig na aanslag van hul inkomstebelastingopgawe. SARS is bewus daarvan dat aansienlike belastingskuld kan voorkom teen jaareinde wanneer alle bronne van inkomste saamgestel word om belasbare inkomste en verskuldigde belasting te bepaal.

In reaksie hierop, maak onlangs-inwerkinggestelde wetgewing voorsiening vir SARS om die effektiewe koers van belasting ten opsigte van die saamgestelde besoldiging en/of pensioen bronne van inkomste van 'n belastingpligtige te bepaal. Die effektiewe koers van belasting is gebaseer op die laaste data aan SARS beskikbaar, en sodanige koers sal aan die aftreefondsadministrateurs verskaf word vir die doeleindes van terughou van LBS gebaseer op daardie data.

Hierdie koers sal dan deur e@syFile™ aan die werkgewer beskikbaar gestel word en sal slegs van toepassing wees op belastingpligtiges wat 'n vorm van aftree-inkomste het. SARS se LBS-stelsel stel die belastingpligte in staat om te versoek om maandeliks belas te word teen 'n hoër koers, sodat enige belasting wat aan die einde van die jaar verskuldig mag wees, genoegsaam gedek is. Nie baie belastingpligtiges, wat in hierdie kategorie val, maak egter van hierdie opsie gebruik nie.

SARS kommissaris Edward Kieswetter het gesê dat die organisasie daartoe verbind bly om helderheid en sekerheid aan belastingpligtiges te verskaf oor hul wetlike verpligtinge. SARS strewende ook daarna om dit maklik te maak om belastingnakomend te wees, soos deur stelselveranderinge soos hierdie.

Vir meer inligting, kontak sarsmedia@sars.gov.za